My VBO-punte – my verantwoordelikheid

Punte vir VBO word per sms elektronies geboekstaaf en wel op die wyse hieronder beskryf. Die verantwoordelikheid berus by die individu. Die betrokke sentrums in die verskillende streke kan u egter bystaan.

Registrasie as CPD Solutions-gebruiker vir VBO

ALLE GEBRUIKERS (VORIGE EN NUWE), SIEN ASSEBLIEF STAP 4

Stap 1: Stoor die volgende kort nommer op u selfoon onder "VBO Krediete".

CPD Solutions sms kort nommer: 31029

Stap 2: Registreer as nuwe gebruiker: Stuur 'n sms wat slegs die letter **r** (dit staan vir **registreer**) bevat na 31029. Die stelsel sal aan u 'n sms terugstuur wat as volg lyk:

title=...initials=...surname=...profreg=...id=...COMPLETE YOUR DETAILS AND FORWARD TO 31029

Stap 3: Voltooi u besonderhede en stuur aan (forward) na 31029: Die oorspronklike teks en =teken moet steeds deel van u sms uitmaak. Vul u eie besonderhede in waar die spasies in die sms gelaat is. VBO-gebruikers los die profreg= veld skoon en vul die id= veld in. U sms behoort soortgelyk aan die volgende te lyk.

title=Ds initials=TR surname=Smit profreg= id=3301222500787 COMPLETE YOUR DETAILS AND FORWARD TO 31029

NB: U moet die sms **aanstuur (forward)** na 31029 en **nie terugstuur (reply)** na die nommer waar dit vandaan kom nie.

Nota: Om enige tyd in die toekoms u besonderhede na te gaan of te verander, kan u presies dieselfde proses volg (stap 2 en 3). Die sms wat u sal ontvang, sal dan reeds u bestaande besonderhede bevat.

Stap 4: Om u aan u ***gemeente*** te koppel, stuur 'n sms met die woord gemeente, gevolg deur 'n spasie en u gemeente se naam. Belangrik is dat die spelling soos in die Jaarboek gebruik word. Bv: Gemeente Bloemfontein-Noord. (Sien ook lys by: www.cpdsolutions.co.za/gemeente).

- **Om u bywoning van 'n aktiwiteit te registreer:** Stuur die aktiwiteitskode/s na 31029 deur 'n sms te skryf wat slegs die kodes lys, bv:

  b12345 b11111 b22222 (vyf kodes kan per sms gestuur word).

Om u selfoonnommer te verander (stap 1): U moet die kodeweoord "**numberchange**" gevolg deur u ou selfoonnommer stuur aan 31029 bv.: *numberchange 0831231234* **NB:** Hierdie sms moet **van u nuwe selfoonnommer** gestuur word. U sal 'n sms soortgelyk aan die volgende terug ontvang:

number=0831231234 number=0798881111 for TR Smit. IF THIS IS CORRECT, FORWARD THIS MESSAGE TO 31029 TO EFFECT CHANGE

Bevestig die verandering (stap 2): Indien die besonderhede soos verskaf korrek is, (sien voorbeeld bo) bevestig die verandering deur die sms, net so sonder enige veranderings, aan te stuur **(forward, nie reply)** na 31029.

U kan u bywoning kontroleer op ons webwerf www.cpdsolutions.co.za. Toegang word verkry deur u selfoonnommer en 'n pinkode. Op die webwerf is 'n skakel wat die pinkode aan u sal sms sodra dit benodig word. U kan ook vir ***Maritsa*** by Shepherd skakel indien nodig (051 401 3803 Maandag tot Donderdag tussen 08:00 en 13:00).